

18 Oktober

God se genade is vir my genoeg

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 12:1-10

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 12:9-10

Hoe maak jy vrede met die feit dat jy gestremd is en dat jy vir die res van jou lewe daarmee sal moet saamleef? Jy weet nou dit is nie omdat jy een of ander sonde gedoen het nie. Die wil van God geskied ook in jou lewe. Jy weet nou dat dit 'n proses is. Tog bly dit moeilik, want geen mens hou daarvan om met sy tekortkominge gekonfronteer te word nie. Jy moet dit verwerk en uiteindelik vrede in jou hart hê.

Paulus het ook geworstel met die doring in sy vlees – die boodskapper van Satan wat hom met die vuiste geslaan het. Ons weet nie werklik wat presies hierdie doring in sy vlees was nie. Ons weet wel dat hy beproef is. Hy het die Here gesmeek en gevra dat Hy dit tog van hom moet wegneem. En nou hoor die Here hom en ja, Hy verhoor hom ook.

Maar die antwoord was nie die antwoord wat Paulus graag wou hoor nie. Nee, die doring in die vlees bly, maar baie belangriker is die feit dat die Here se genade vir Paulus genoeg is. Genade só groot dat God in Jesus Christus Paulus se lewe verander het dat hy nou nie meer 'n vervolger van die kerk is nie, maar 'n dienaar van die Here. Die doring in die vlees bly, sodat hy liever in sy eie swakhede sal bly roem en God se krag in sy lewe as dié dryfkrag sal ondervind.

Wanneer jy dan in jou lewe worstel met die beproewing van 'n gestremdheid, moet jy vrede maak met die Here Wie se genade ook vir jou genoeg is. Daardie vrede bring berusting: ek is gestremd en ek is swak en het nie genesing ontvang nie, maar wel die verlossing in Jesus Christus. God is die belangrikste dryfkrag in my lewe. My vrede lê in die Here wat my krag gee om met my lewe die boodskap van ewige lig te bly verkondig.

Sing: Skrifberyming 18-7:1 en 9

Ds. Abel Steyn (Lydenburg)